Atletiek

Laerskool Panorama se atletiek bestaan uit die junior atletiek (o.7-o.9) en senior atletiek (o.10-o.13). Die leerders neem jaarliks deel aan die Kleuresport waar atlete in spanverband, onderskeidelik groen, wit en rooi, meeding om die spanbeker en sangbeker te wen.

Uit hierdie prestasie word ‘n streng kriteria gebruik om ons senior atletiekspan vir die jaar te kies. Hierdie span neem deel aan verskeie kompetisies regdeur die jaar. Hierdie span kry ook geleentheid om aan rondtes deel te neem om WP kleure te verwerf.

Ons is bevoorreg om passievolle afrigters te hê wat gewillig is om vir ons atlete die beste geleenthede te bied. Ons afrigters is bereid om nuwe afrigtingsmetodes aan te leer en werkswinkels by te woon.

Ons kan ons sukses meet aan die hoeveelheid van ons atlete wat reeds op Laerskool in provinsiale spanne opgeneem word.

Sonja van Tonder

Atletiekhoof (Seniors)

Eljo Jansen

Atletiekhoof (Juniors)